

Die verbond met Abraham



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie: *Genesis 15 tot hfst. 19:29; Romeine 4:3, 4, 9 en 22; Galasiërs 4:21-31; Romeine 4:11 en hfst. 9:9; asook Amos 4:11.*

Geheueteks: “Toe vra Abram: Here Here, wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die Damaskener Eliëser is?” (*Genesis 15:2, OAB*).

Met Genesis 15 bereik ons die deurslaggewende oomblik waar God amptelik sy verbond met Abraham sluit. Hierdie verbond met Abraham is Sy tweede met ’n bybelkarakter. Die ander is natuurlik die een met Noag. Net soos Noag se verbond, het Abraham s’n ook met ander nasies te doen gehad. Laasgenoemde is, op die keper beskou, deel van die ewige verbond; ’n aanbod wat aan die ganse mensdom gerig word (*Gen. 17:7, Heb. 13:20*).

Hierdie greep uit Abraham se lewe is ’n mengsel van vrees en vreugde[-lag]. Abram is bang (*Gen. 15:1*), en ook Sara (*Gen. 18:15*) en Hagar (*Gen. 21:17*). Abram lag (*Gen. 17:17*), en Sara (*Gen. 18:12*) en Ismael ook (*Gen. 21:9, NAB*). Hierdie hoofstukke getuig van menslikheid, van sensitiwiteit en warmte. Abram is passievol oor die redding van die bese Sodomiete. Hy koester Sara, Hagar en Lot; en is gasvry teenoor drie besoekers uit die vreemde (*Gen. 18:6*).

Dit is binne dié konteks dat Abram, wie se naam die eienskappe edelheid en eerbiedwaardigheid ontlok, se naam na Abraham, wat die “die vader van baie nasies” (*Gen. 17:5, NAB*) beteken, verander gaan word. Hier het ons nog ’n toespeling op die feit dat God se verbond met Abraham ten doel het om wêreldwyd te wees.

**Bestudeer heirdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 14 Mei.*

Abraham se geloof

Lees Genesis 15:1-21 en Romeine 4:3, 4, 9 en 22. Hoe toon Abram wat dit beteken om 'n lewe van geloof te lei? Wat is die betekenis van die offer wat God hom aangesê het om te bring?

God se eerste reaksie op Abram se kommer oor 'n erfgenaam (*Gen. 15:1-3*) is dat die patriarg 'n seun sal hê: “wat uit jou liggaam sal voortkom” (*Gen. 15:4, OAB*). 'n Mens bespeur dieselfde taalgebruik by die profeet Natan, met verwysing na die voorsate van die toekomstige Messiaanse koning (*2 Sam. 7:12*). God se belofte aan Abram het hom gerusgestel en hy “het toe in die Here geglo” (*Gen. 15:6, OAB*) want hy het besef dat die vervulling van daardie belofte nie op sy eie geregtigheid gesteun het nie, maar op God s'n (*Gen. 15:6; vgl. Rom. 4:5, 6*).

Dit is 'n buitengewone gedagte, veral in die kultuur van daardie tyd. Let byvoorbeeld op die godsdiens van die antieke Egiptenare, waar die oordeelsdag soos volg werk: die dade van geregtigheid wat die dooie in sy leeftyd verrig het word opgeweeg teen dié van die godin Maät, die toonbeeld van goddelike geregtigheid volgens die Egiptenare. Kortom, “verlossing” is iets wat verdien is.

Na die belofte en versekering wat God aan Abram gee, skryf hy 'n offerseremonie voor wat die patriarg moes volg. Die offer is basies 'n vooruitwysing op Christus se soendood vir die mens. Ons word deur genade gered want ons ontvang God se geregtigheid as geskenk, waarvan dié offers 'n skadubeeld is. Tog bevat hierdie spesifieke seremonie 'n bepaalde boodskap vir Abram. Die voëls wat op die offerdiere aas (*Gen. 15:9-11*) beteken dat Abram se nasate “vier honderd jaar” (*Gen. 15:13, NAB*) – oftewel vier geslagte lank (*Gen. 15:16*) – in slawerny sal wees. Dan, in die vierde geslag, sal Abram se nasate “hiernatoe terugkom” (*Gen. 15:16, NAB*).

Die laaste deel van die offerseremonie is besonder dramaties: “skielik gaan daar 'n oond wat rook en 'n fakkelt wat brand, tussen die stukke vleis deur” (*Gen. 15:17, NAB*). Hierdie wonderteken dui op God se verbintenis tot die vervulling van sy verbondsbelofte, naamlik dat hy die land aan Abram se nakomelinge sal skenk (*Gen. 15:18*).

Die grense van daardie beloofde land, “vanaf die Egiptespruit tot by die groot Eufraatrivier” (*Gen. 15:18, NAB*) laat dink 'n mens aan dié van Eden (*vgl. Gen. 2:13, 14*). Hierdie profesie dui dus op veel meer as net die uittog uit Egipte en 'n tuiste vir Israel. Dié profesie se onmiddellike vooruitsig is weliswaar Abraham se nasate wat die land Kanaän in besit neem, maar is ook 'n blik op die verre toekoms: die vooruitsig van die eindtydverlossing van God se kinders, wat uiteindelik na Eden terugkeer.

Hoe gemaak om die oog op Christus en sy geregtigheid, as ons enigste verlossingshoop, gevestig te hou? Wat gebeur wanneer 'n mens boek van jou goeie werke begin hou?

Abraham se vertwyfelings

Lees Genesis 16:1-16. Abram het besluit om 'n kind by Hagar te verwek, dit ten spyte van God se belofte aan hom. Wat beteken sy besluit? Dié twee vroue versinnebeeld twee houdings teenoor geloof. Watter twee sienswyses? (*Gal. 4:21-31*)?

Toe Abram begin twyfel (*Gen. 15:2*) gee die Here hom die klinkklare versekering dat hy wel 'n seun sal voortbring. Daarna verloop 'n tydperk van 10 jaar, maar die patriarg is steeds sonder 'n seun. Selfs na die vorige profesie wat Abram ontvang het – 'n besonder kragtige een – lyk dit of hy nou opgehou glo het: hy glo nie meer dat dit vir hom moontlik is om 'n seun by Sarai te hê nie. Uit pure moedeloosheid besluit sy om in te gryp. Sy dring by hom aan om sy toevlug tot 'n algemene praktyk in die destydse Ou Nabye Ooste te neem: om 'n surrogaat te gebruik. Hierdie taak val Hagar, Sarai se diensmeisie, te beurt. Dit werk boonop. Ironies genoeg, lyk dit op die oog af asof dié mensgemaakte strategie meer doeltreffend as vertrou in God se beloftes is.

Dié skrifgedeelte, waarin Sarai en Abram se interaksies en besluite beskryf word, is in sekere opsigte 'n spieëlbeeld van die verhaal van Adam en Eva in Eden. Die twee skrifgedeeltes vertoon bepaalde raakpunte (net soos Eva is Sarai aktief, en Abram is net soos Adam passief) en party werkwoorde en sinsnedes stem ook ooreen (iemand “het na” so-en-so “geluister,” iemand “neem” toe iets/iemand, en iemand “gee” iets/iemand vir 'n ander persoon”). Hierdie ooreenkomste tussen die twee bybelverhale impliseer ook God se ontevredenheid met hierdie handelswyse.

Die apostel Paulus verwys ook na hierdie verhaal van Abram om die punt oor redding deur werke teenoor redding deur genade tuis te bring (*Gal. 4:23-26*). Beide verhale het dieselfde resultaat: dat die onmiddellike beloning wat spruit uit menslike pogings, m.a.w. uit 'n handelswyse wat nie deur God goedgekeur is nie, in die toekoms net probleme sal bring. Let daarop dat God nêrens in hierdie tragiese verhaal verskyn nie. Sarai praat van God, maar nooit met Hom nie. Die Here praat ook nie met enige van die twee nie. God se afwesigheid is besonder opvallend, veral na sy aangrypende teenwoordigheid in die vorige hoofstuk.

Na hierdie gebeure verskyn die Here wel aan Hagar, maar eers nadat sy die huis van Abram verlaat het. Hierdie onverwagse verskyning toon dat God Hom, ten spyte van die mens se pogings om sonder Hom te werk, wel openbaar. Die verwysing na “die Engel van die Here” (*Gen. 16:7, NAB*) is 'n titel en word dikwels m.b.t. die Here God (YHWH) gebruik (*lees Gen. 18:1, 13 en 22*). Dié keer is dit God wat ingryp. Hy sê aan Hagar dat sy aan 'n seun, Ismael, geboorte sal skenk; wie se naam “God hoor” beteken (*Gen. 16:11*). Ironies genoeg, eindig dié verhaal met die begrip “hoor” (*shama'* in Hebreeus). Dit is 'n spieëlbeeld van die “hoor” aan die begin van die verhaal, waar Abraham na Sarai “geluister” (oftewel *ge-shama'*) het (*Gen. 16:2*).

Waarom is dit so maklik vir ons om dieselfde fout as Abram te begaan?

Die teken van die Abrahamitiese Verbond

Lees Genesis 17:1-19 en Romeine 4:11. Wat is die geestelike en profetiese betekenis van die besnydenis?

Abram se gebrek aan geloof, soos dit blyk uit die voorafgaande verhaal (*Genesis 16*), was 'n slagget in sy geloofspad. In daardie tyd het God geswyg. Oplaas praat Hy nou weer met Abram. God maak weer kontak met Abram en bring hom terug na die punt toe Hy die verbond met die patriarg gesluit het (*Gen. 15:18*).

Nou gee die Here hom egter die teken van daardie verbond. Die betekenis van die besnydenis is iets waarvoor kenners reeds jare lank gis. Aangesien dié ritueel die storting van bloed behels (*lees Eks. 4:25*) kan dit binne die konteks van die offerstelsel verstaan word, en beteken dat [God se] regverdigheid aan Abraham toegereken is (*vgl. Rom. 4:11*).

Dit is ook noemenswaardig dat die beskrywing van hierdie verbond, met die besnydenis as teken, terugwys na die eerste Messiaanse profesie (*vgl. Gen. 17:7 met hfst. 3:15*). Die ooreenkoms tussen die twee tekse versinspeel daarop dat God se belofte aan Abram op meer dui as net die fisiese tot stand bring van 'n volk. Dit bevat ook die geestelike belofte van verlossing vir almal op aarde. Die belofte van die “ewige verbond” (*Gen. 17:7*) verwys na die werk van die beloofde Messias, die soendood van Christus wat die versekering van die ewige lewe aan almal skenk wat dit gelowig aanneem, en wat alles uitleef wat die geloofslewe van 'n mens vereis (*vgl. Rom. 6:23 en Tit. 1:2*).

Interessant genoeg is hierdie belofte van 'n ewige toekoms vervat in die naamsverandering van Abram en Sarai. Hul vorige name, Abram en Sarai, het bloot op hul status gedui: Abram beteken “verhewe vader” en Sarai “my prinses” (Abram se prinses). Die verandering na “Abraham” en “Sara” wys op die toekoms: Abraham beteken “vader van die nasies” en Sara “die prinses” (almal se prinses). In ooreenstemming hiermee – maar weliswaar met 'n tikkie ironie – is die naam Isak (“hy sal lag”). Dit herinner aan Abram wat gelag het (wat ook die eerste opgetekende lag in die Bybel is, *Gen. 17:17*). Dit is egter 'n skeptiese lag of, dalk, een van verwondering. Hoe dit ook al sy: hoewel hy geglo het in dit wat die Here duidelik belowe het, sukkel Abraham steeds met die uitleef daarvan, om God te vertrou en geloof aan die dag te lê.

Hoe kan ons leer om aan te hou glo selfs wanneer 'n mens, net soos Abraham, soms sukkel met daardie geloof? Waarom is dit belangrik om, ten spyte van vertwyfeling, nie op te gee nie?

Die seun van die belofte

Almal was betrokke by die laaste deel van die besnydenisrite: nie net Ismael nie, maar al die mans van Abraham se huishouding (*Gen. 17:23-27*). Die Hebreeuse woord kol, wat “almal” of “elke” beteken, verskyn vier maal in die teks (*Gen. 17:23, 27*). Dit is binne hierdie inklusiwiteit dat God aan Abraham verskyn, ten einde die belofte van sy seun “Isak” te bevestig.

Lees Genesis 18:1-15 en Romeine 9:9. Watter lesse oor gasvryheid leer ’n mens van Abraham wat die besoekers ontvang? Hoe verstaan ’n mens die Here se reaksie op daardie gasvryheid?

Dit is nie duidelik of Abraham dié besoekers uit die vreemde geken het, al dan nie. (*Heb. 13:2*). Een ding is egter seker: hy het hulle behandel asof die Here Self een van die besoekers was. “Abraham het by sy tent se deur gesit. Dit was op die warmste tyd van die dag” (*Gen. 18:1, ABA*), en aangesien besoekers ’n seldsame verskynsel in die woestyn was, het hy waarskynlik uitgesien na die ontmoeting. Abraham hardloop hulle tegemoet (*Gen. 18:2*), hoewel hy in daardie stadium reeds 99 jaar oud was. Hy spreek een van hulle as *Adonai*, “my heer,” aan (*Gen. 18:3*), ’n titel wat dikwels vir God gebruik is (*Gen. 20:4, Eks. 15:17*). Hy bly deurgaans baie besorg oor die besoekers, gretig om vir hulle ’n maaltyd voor te berei (*Gen. 18:6, 7*). Abraham laat nooit sy gaste net eenkant sit nie. Hy is gestel op hulle behoeftes, en bedien hulle met hand en tand (*Gen. 18:8*).

Abraham se gedrag teenoor dié hemelse besoekers is so inspirerend dat dit uiteindelik die maatstaf van ware gasvryheid geword het (*Heb. 13:2*). Om die waarheid te sê, die patriarg se eerbiedige houding dra ’n bepaalde etos met betrekking tot gasvryheid oor. Om vreemdelinge met respek en koestering te behandel, is nie net “iets moois” of ’n hoflikheidsgebaar nie. Die Bybel beklemtoon dat dit ons geestelike plig is, asof ’n mens die Here Self ontvang wanneer jy gasvry teenoor andere is (*vgl. Matt. 25:35-40*). Ironies genoeg identifiseer die Here meer met dié vreemdeling wat honger ly en behoeftig is, as met die vrygewige persoon wat hulle ontvang.

Aan die anderkant dui God wat op die menslike vlak deurbreek, op sy genade en liefde teenoor die mens. Hierdie verskyning van God is ’n voorloper van Christus se eerste koms, wat Sy hemelse tuiste verlaat het om ons dienaar te wees ten einde die mensdom te bereik (*Fil. 2:7, 8*). God se verskyning hier in Genesis is ’n bewys dat die vervulling van sy belofte ’n uitgemaakte saak is (*Gen. 18:10*). Die Here sien Sara raak, daar waar sy “agter Abraham by die tent se deur” gestaan het (*Gen. 18:10*). Hy weet wat sy dink en voel (*Gen. 18:12*), dat sy oor die belofte gelag het, maar dat dit Hy is wat, in ’n positiewe sin, die laaste gaan lag. Haar skeptiese houding is net mooi die ryk teelaarde vir die vervulling van Sy belofte.

**Bepens die gedagte dat “die Here meer identifiseer met dié vreemdeling wat honger ly en behoeftig is, as met die vrygewige persoon wat hulle ontvang.”
Waarom is dit so belangrik dat gelowiges dit in gedagte hou?**

Lot in Sodom

Lees Genesis 18:16 tot hfst. 19:29. Hoe beïnvloed Abraham se profetiese bediening sy verantwoordelikheid teenoor Lot?

God se belofte aan Abraham oor 'n manlike erfgenaam is pas herbevestig. Tog verheug die patriarg hom nie in daardie goeie nuus nie. Om die waarheid te sê, hy argumenteer met die Here oor sy broerskind se lot in Sodom. Abraham is duidelik nie net 'n profeet aan wie die Here sy wil bekend maak nie, maar ook een wat vir die onregverdiges in die bresse tree by God. Let op die sinsnede, "het... voor die Here gestaan" (*Gen. 18:22, NKJV*). Dit kom uit die Hebreeus en is inderwaarheid 'n aanbiddingsgebaar.

Om die waarheid te sê, Abraham betwis die Here se besluit hier. Hy onderhandel met Hom oor Sodom se lot, ter wille van sy broerskind wat daar woon. Vir hoeveel regverdiges is God bereid om die stad te spaar? Dit begin by vyftig en verminder na tien.

Kyk net wat gebeur hier, toe die twee engele vir Lot oor God se komende oordele kom waarsku het (*Gen. 19:1-10*). Dit toon net hoe boos en verdorwe die Sodomiete in werklikheid was. Dit was inderdaad 'n plek van gruwels; en net so baie van die nasies om hulle, wat verklaar waarom hulle uiteindelik uit daardie landstreek verdryf is (*Gen. 15:16*).

"Dit was die vooraand van Sodom se einde. Die onweerswolke van God se oordele het reeds oor die geliefde stad saamgepak. Tog het niemand dit agtergekom nie. Terwyl engele gereed gestaan het om hul verwoestingstaak uit te voer, het die inwoners van welvaart en plesier gedroom. Hul laaste dag het soos enige ander gekom en gegaan. Die dag was besig om skemer te trek. Daar lê die stad, lieflik en veilig. Sodom se skoonheid is ongeëwenaard, gehul in die strale van die sonsondergang. Die koel aandlug bring die inwoners uit hul huise. Dit wemel van die genotsoekers, mense wat rondgaan op soek na enige vermaak wat die stad te bied het" -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, ble. 157, 158.

Op die ou end het die Here slegs vir Lot, sy vrou en dié se twee dogters gered (*Gen. 19:15*), nie eers 'n volle helfte van die ooreengekome minimum, tien, nie. Die skoonseuns, wat nie Lot se waarskuwing ernstig opgeneem het nie, het in die stad agtergebly (*Gen. 19:14*).

Daardie lieflike plek is toe vernietig. Die Hebreeuse werkwoord *hafakh*, ("omkeer" in die NAB), verskyn 'n aantal kere in dié skrifgedeelte (*Gen. 19:21, 25, 29*) en dui op die verwoesting van Sodom (*Deut. 29:23, Amos 4:11*). Die gedagte wat die skrifgedeelte hier tuisbring is dié van iets "wat op sy kop gekeer geword." Net soos die sondvloed die oorspronklike skepping omver gegooi het (*Gen. 6:7*), was Sodom ook 'n omverwerping van Eden (*Gen. 13:10*). Die verwoesting van Sodom is ook 'n voorteken van die verwoesting wat met die voleinding van die wêreld sal kom (*lees Judas 7*).

Vir verdere studie: Lees Ellen G. White, “The Law and the Covenants”, ble. 370-373 in *Patriarchs and Prophets*.

Abraham pleit geduldig en aanhoudend by God ter wille van die mense van Sodom (*Gen. 18:22-33*). Sy voorbeeld behoort ons aan te spoor om voorbedding vir onbekeerde sondears te doen, selfs al lyk dit asof daar geen salf aan hulle te smeer is nie. Wat meer is: Die feit dat God geduldig en beleefd luister na Abraham se ernstige pleidooie, asook sy gewilligheid om Sodom ter wille van slegs “tien” regverdiges te vergewe, is as’t ware “revolutionêr” – soos die skrywer van die les, Gerhard Hasel inderdaad ook uitwys:

“Op ’n ongelooflik revolutionêre wyse gaan die ou, oorgelewerde siening – waarvolgens onskuldiges deur hul vereenselwiging met skuldiges in aanmerking vir straf gebring word – oor tot iets nuuts: die teenwoordigheid van ’n oorblyfsel regverdiges kan ’n behoudende invloed op die groter groep hê... Ter wille van ’n regverdige oorblyfsel is Jahwe, in sy grote geregtigheid [*tsedaqah*], bereid om die bose stad te vergewe. Hierdie idee word geweldig veruim in die profetiese woorde van dié diensknege van Jahwe wat verlossing ‘vir baie’ bewerkstellig het” -Gerhard F. Hasel, *The Remnant: The History and Theology of the Remnant Idea From Genesis to Isaiah*, derde uitgawe [Berrien Springs, Michigan: Andrews University Press, 1980], ble. 150, 151.

“Orals om ons heen is siele wat ten gronde gaan. Dit is hopeloos en verskriklik, soos die lot wat Sodom te beurt geval het. Daagliks sluit die genadedeur vir ’n klomp mense. Uurliks is daar diegene wat net buite die bereik van genade is. Die vraag is net: waar is die waarskuwing, die beroep op die sondaar, om hierdie aaklige verdoemenis te ontvlug? Waar is die uitgestrekte hand om diesulkes uit die kake van die dood te gryp? Waar is diegene wat nederig by God vir diesulkes pleit, wat ter wille van hulle volhard in die geloof? Dieselfde gees wat in Christus was, was in Abraham. Die Seun van God is Self die sondaar se groot Middelaar. Hy wat die groot verlossingsprys daarvoor betaal het, weet wat die waarde van ’n siel is” -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 140.

Vrae vir bespreking:

- ❶ Slegs die reënboog en die besnydenis word as ’n “teken van die verbond” beskryf. Wat is die ooreenkomste en verskille tussen dié twee verbonde?
- ❷ Hoewel die Here hom geroep het, en hy dikwels in die Nuwe Testament as die toonbeeld van ware geloof genoem word, het Abraham soms gefouteer. Watter lesse kan ons uit sy voorbeeld leer en nie leer nie?
- ❸ Sommige mense verwerp die idee dat God die verlore nes sal straf omdat dit, volgens hulle, nie strook met sy liefdevolle aard nie. As Adventiste glo ons egter dat Hy hulle wel gaan straf. Die vraag is egter: hoe reageer ’n mens dus op die eersgenoemde argument?